

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
24 April 1977

Onderwerp: Eindtydse Antichris
Nagmaal

Lees: Openbaring 11 verse 1 tot 14

Teks: Openbaring 11 verse 7 tot 14

Sing: Psalm 147 verse 1 en 2
Gesang 43 vers 5

“Die kerk is kandelaar en olyfboom tegelykertyd. En die olyfboom voorsien altyd die kandelaar van olie. En só brand dit sterk in sy getuienis en niemand kan sy getuienis keer nie. Maar Broers en Susters, die kerk word in ons tyd al meer terug gedwing, al meer afgesonder en geïsoleer. Johannes sê dat die dag eendag sal kom waarop die getuienis tot ’n einde sal kom. Dan sal die kandelaar geblus word en die olyfboom sal van sy plek verwyder word. Daar staan immers: ‘En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak’. (Openb 11:7)

“Broers en Susters, die dier wat uit die afgrond sal opkom, sal ’n mens wees - die Antichris. Hy word hier ’n bees genoem, want dit sal sy aard wees. Hy sal opkom uit die afgrond van die dieptes van die Hel en hom verhef en ’n verskriklike dier word. Hy sal ’n mens wees wat volkome duiwels geword het.

“Broers en Susters, ons dink miskien dat dit nog lank sal duur voordat die Antichris kom; dat ons dit in alle waarskynlikheid nie sal belewe nie. Maar Johannes is nugter. Hy sê die dier is opkomend. Hy kom en beur opmerklik al hoër en hoër op. Net soos die nuwe Jerusalem wat besig is om vanuit die Hemel neer te daal. Dit is reeds besig om te gebeur. Die Bruidskerk tooi haar reeds vir hierdie nuwe wêreld. Netsó is die Antichris besig om uit die helse dieptes op te kom. En net soos ons met die oog van die geloof die Kerk van die toekoms vandag al sien, só ontdek ons ook die opkomende dier. Die Hemel kom aarde toe, maar die Hel kom ook op.

“Johannes sus ons nie. Hy sê nie dat dit nog ’n lang tyd sal duur nie. Nee, Johannes beur ons oë oop en

sê: Kyk, sien, waak en bid. Die Antichris is besig om te kom in hierdie wêreld: 'en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.' (1 Joh 4:3)

"Natuurlik kan hy hom nog nie vandag dadelik ontplooi nie. Daar is nog remme, sterk toue wat hom teëhou. Daarom is die stryd tussen die neerdalende Hemel en die opkomende Hel nog nie op sy hewigste nie.

"Nee, die prediking moet nog voortgaan. Die uitnodiging van God moet nog weerklink. Maar ons mag nooit sê dit sal nog lank duur en daarom gerus wees nie. Die dier kom op. Daar is nog enkele tralies wat teëhou, maar dit is besig op pad te gee.

"Vandag sit ons nog rustig in die kerk. Ons vier nog Nagmaal. Die dominee is nog besig om die Woord te verkondig. Maar op 'n bepaalde dag sal 'n basuin blaas en dan sal dit verby wees. Dan sal die getuie afgehandel wees. Dan sal die laaste Woord oor Jesus Christus tot die wêreld gespreek wees. Dan sal die laaste misverstand opgehelder en die onkunde weggeeneem wees. Dan sal hy wat sondig, dit met oop oë doen. Hy sal weet waarmee hy besig is.

"Jesus Christus het eenmaal gebid: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.' (Luk 23:34) Toe het hulle nog 'n verskoning gehad vir die sonde. Maar toe het die prediking en die getuie gekom en uiteindelik sal niemand kan sê: Ek het nie geweet nie. Daar sal dan net twee dinge wees: Die mens sal dan óf bewustelik Hemels, óf bewustelik Hels wees. Die mens sal dan volkome geregeer word deur die Heilige Gees, óf die Bose.

"By die basuingeluid sal die gordyn oopskuif vir die laaste bedryf. Dan sal daar nie meer prediking en die bediening van die sakramente wees nie. Die Antichris sal dan kom. En hy sal dan dadelik kom. Die tralies sal weg wees en hy sal aanval, oorwin en verbrysel. En die verbryselde liggame sal rondlê in die strate van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte. Dit is waar onse Here Jesus gekruisig is.

"Sodom is die simbool van dierlikheid. Ja, hier te midde van wellus en afgodediens, sal die twee getuies afgemaai word.

"En as ons lees van die geestelike Egipte, dan weet ons dat dit net soos die Egipte in Moses se tyd sal wees. Ons kinders sal vermoor word. Wat 'n

skrikwekkende wêreld sal dit nie vir ons kinders en ons jongmense wees nie? 'n Mens sou hulle met sterk hande wou wegruk uit Sodom en Egipte, waar hulle onder die diere in 'n vergiftigde atmosfeer en verpeste omgewing opgegroeï het.

“Maar die ergste is, waar lê hierdie stad wat hier geestelik Sodom en Egipte genoem word? Johannes sê dit is die stad waar onse Here gekruisig is. Met ander woorde dit is Jerusalem. Dit sal die Antichris se woonplek wees en nie Babel of Rome nie.

“Maar moenie nou dink aan 'n stad in Palestina nie. Nee Broers en Susters, dit is die 'kerk'. Jesus Christus is in Jerusalem nie deur heidene gekruisig nie, maar deur die 'kerk'. Dit sal die afvallige 'kerk' wees, wat Sodomiete en Egipte gaan word en wat die Antichris sal binnehaal. Dit sal op hierdie 'kerk' se strate wees dat die liggame van die twee getuies dood sal lê. Dit sal ook hierdie 'kerk' wees wat ons gaan afmaai. Broers en Susters, dit is skrikwekkend en maak benoud.

“Wie is die Antichris? Ons kyk na Rusland. Maar laat ons nugter wees. Die belangrikste is nie wat in die wêreld gebeur nie, maar wat in die 'kerk' gebeur. Ons dink dat hy vanuit linkse organisasies sal kom. Maar nee, hy sal van regs kom, vanuit die 'kerk' en sy verwording. Hou die 'kerk' dop vir die finale verskyning van die Antichris. Dit is vandaar dat die diemens sal kom.

“Broers en Susters en wat van ons? As ons nie aanhoudend hervorm terug na die Bybel toe en ons daaglik bekeer nie, gaan ook óns 'n teelaarde vir die Antichris word. Dan sal ook óns kerk deur die Antichris op sleeptou geneem word.

“Hierdie waarskuwing geld veral vir ons jongmense. Dit is die gees van die Antichris wat julle kerklos wil maak en julle met 'n vernis van die Christendom wil flous. Dit is moontlik om aan die kerk te behoort en tog saam te werk om die getuies van God dood te maak.

“Julle wil modern wees. Julle wil met die tyd saam lewe, maar ek sê vir julle, moenie op die horlosie van die Amerikaners kyk nie, maar kyk op die horlosie van God. Ons moet leer om die Boekrol van die Evangelie te eet, sodat ons nie dansmaats word van 'n dekadente en leë tydgees nie, maar getuies van Jesus Christus in hierdie doodsieke wêreld.

“Ons moet presies weet hoe laat dit op God se horlosie is en getuig sonder om uitgeput te raak.

Want Johannes sê die dag kom dat die lyke op die strate sal lê. Die einde is in sig. Jesus Christus is gekruisig. Nou is dit u en my beurt. Broers en Susters, ons wat geroep is om die verkondigers te wees van die kerk se dood, sal nog eendag saam met die Kerk verdrukking lei.

“Hulle sal heildronk op heildronk drink. Die Evangelie sal vermoor wees. Die geluksgod sal seëvier. Maar dan na drie en ’n half dae, sê Johannes, sal ’n wolk kom om die twee getuies se lyke te bedek en hulle sal opvaar, terwyl die vyand verstom sal toekyk.

“Hulle sal dit sien en weet dat Jesus Christus opgestaan en oorwin het. Broers en Susters, deur hierdie hemelvaart sal hulle Jesus Christus se heerlikheid erken.

“Die oordeel sal voleindig wees en die wat nog lewe sal hulle nie bekeer nie, maar hulle sál aan God die eer gee. Hulle sal God in angs erken.

“Inderdaad, die Boek is bitter. Maar tog moet ons dit eet. Want aan die einde is dit soet by die geroep: ‘Kom op hierheen!’ (Openb 11:12)

“O, mag ons begeer om hierdie Boek te eet, soos ons vandag die tekens van Jesus Christus se dood geëet het. Dit is die Boek wat ons opstanding verkondig: ‘Kom op hierheen!’

“Amen.”

Kommentaar:

Die eindtydse verdrukking klink asof dit ’n tydperk gaan wees waar daar geen hoop vir Christene sal wees nie. Daarenteen sal daar Christene wees wat dit sal oorleef. Jesus Christus het die Jode in Judea gewaarsku in Matthéüs 24 verse 21 en 22:

“Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.”

Hier is 'n verwysing na oorlewende uitverkorenes.

Volgens Bybelprofesie gaan die Antichris vir 'n periode van sewe jaar regeer, waarvan hy in die eerste drie en 'n half jaar as die groot vredemaker voorgehou sal word. Daarna gaan hy probeer om almal wat weier om hom te aanbid, uit te wis. Hy sal veral ware Christene en ware Jode teiken.

Die Antichris se *Nuwe Wêreld Orde* gaan dit nie regkry om die hele wêreld op een slag te beheer nie. Dit mag wees dat die chaos en anargie wat in Suid-Afrika heers en wat ons nou as 'n vloek beskou, 'n bestiering van die Here is wat sal voorkom dat die Antichris sy bestel hier sal kan vestig.

Wat vir ons van belang is, is om te weet dat daar gelowiges gaan wees wat die groot verdrukking gaan oorleef. In Openbaring 12 verse 13 tot 17 is geskryf:

“En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou.”

Die vrou wat hier beskryf word, verwys na die Kerk van Jesus Christus - waarvan Maria wat Jesus Christus gebaar het, deel is. Die verwysing “'n tyd en tye en 'n halwe tyd” is 'n verwysing na die tydperk van verwoesting onder die Antichris se bewind. Dit is hieruit duidelik dat hierdie profesie op die eindtydse groot verdrukking betrekking het. “Die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi” dui op 'n mensemassa wat Satan tot stand gaan bring

om die volgelinge van Jesus Christus te vernietig. Maar “die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk” dui daarop dat hulle gaan sterf en dat Satan nie sy oogmerk gaan bereik nie. Hierdie is nog ’n profesie wat daarop dui dat daar gelowiges gaan wees wat die groot verdrukking fisies gaan oorleef.

Openbaring 3 verse 9 tot 11 is ’n brief aan ’n ou gemeente van Filadelfia, wat ’n profesie bevat wat betrekking het op ’n tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom:

“Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.”

Hierdie is nog ’n profesie wat daarop dui dat daar gelowiges sal wees wat God gaan beskerm en wat die groot verdrukking fisies gaan oorleef.

Jesaja 14 verse 3 tot 23 beskryf Satan en spesifiek die Antichris se lot aan OORLEWENDE GELOWIGES:

“En op die dag as die HERE jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die koning van Babel en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking! Die HERE het die stok van die goddelose verbreek, die staf van die heersers, wat die volke verwoes het in grimmigheid met slaan sonder ophou, wat in toorn oor die nasies geheers het met ’n agtervolging sonder verskoning. Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel. Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Líbanon, *en hulle sê*: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie. Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die

konings van die nasies van hulle trone opstaan. Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword. Jou trots is neergewerp in die doderyk, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as 'n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking. Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! *Hoe* lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En *jý* het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou *en sê*: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie? Al die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis; maar *jý* is gewerp, ver van jou graf, soos 'n afskuwelike uitspruitsel, oordek met die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die grafkuil soos vertrapte aas. Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk gedood; die nageslag van die kwaaddoeners word vir ewig nie genoem nie. Maak 'n slagbank gereed vir sy seuns, om die ongeregtheid van hulle vaders ontwil, dat hulle nie opstaan en die aarde in besit neem en die bodem van die wêreld vol stede maak nie. So sal Ek dan teen hulle opstaan, spreek die HERE van die leërskaer, en van Babel uitroei die naam en die oorblyfsel, kroos en nageslag, spreek die HERE. En Ek sal dit 'n besitting maak van krimpvarkies en tot waterplasse; en Ek sal dit wegvee met die besem van verdelging, spreek die HERE van die leërskaer."